# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (11/20)*

**(Volg my op Twitter justchad_cga)**

*Justin Chadwick 27 Maart 2020*

***"Desperate times call for desperate measures" Hippocrates***

## NUWE LEIERSKAP AAN DIE STUUR VAN CITRUS GROWERS' ASSOCIATION OF SOUTHERN AFRICA

Dit is vir my aangenaam om aan te kondig dat 'n nuwe Uitvoerende span gekies is om die Raad van die Citrus Growers' Association (CGA) vir 'n periode van twee jaar te lei. Die CGA Raad bestaan uit 20 direkteure wat 15 produksie-streke verteenwoordig, 2 direkteure wat opkomende boere in die noordelike- en suidelike streke verteenwoordig, 'n direkteur vir Regeringsbetrekkinge en 'n direkteur wat aan die hoof van die komitee vir finansies en risikobeoordeling is.

Cornel van der Merwe is as die nuwe voorsitter verkies. Hy is bemarkings- en verpakkingsdirekteur van sitrus- en subtropiese produsent en uitvoerder, Komati Fruit. Cornel bring 'n rykdom van ondervinding in sy nuwe rol, met meer as tien jaar wat hy in verskillende senior bestuursposte in die sitrussektor gedien het. Hy dien ook al agt jaar op die CGA Raad.

Ten einde kontinuïteit te verseker, sal die uittredende voorsitter, Ben Vorster, as vise-voorsitter aanbly. Ek wil graag vir Ben bedank vir sy besonderse leierskap oor afgelope twee jaar en vir sy voortgaande diens aan die bedryf.

Hannes de Waal, Besturende Direkteur van die Sondagsriviervallei Maatskappy (SRCC), vul die posisie van die tweede vise-voorsitter. Daar word verwag dat hy oor twee jaar as voorsitter van die Raad sal oorneem.

George Hall en Gerrit van der Merwe is as die twee uitvoerende lede verkies. George verteenwoordig nou al die Boland sitrusprodusente vir meer as tien jaar.

Ek wil graag die nuwe Uitvoerende Lede gelukwens met die verkiesing in hul poste.

Ek sê ook baie dankie aan Pieter Nortje vir sy leiding op die Raad, as Voorsitter en as vise-voorsitter bedank - hy het 'n paar inisiatiewe ingestel wat die sitrusbedryf ten goede verander het.

Ek sien uit daarna om saam met die nuwe Uitvoerende Span te werk om die langtermyn mededingendheid van die sektor te maksimeer en om toegang tot markte regoor die wêreld te verkry en uit te brei.

Die sitrusbedryf is 'n groot ekonomiese bydraer, en het 120 000 mense in diens en verdien R20 miljard aan uitvoerinkomste. Die verdere groei van die sektor sal tot meer werkgeleenthede en inkomste vir Suid-Afrika lei.

## COVID-19 ONSEKERE TYE VOOR

Wel, dit het vinnig toegeneem. Ons is nou op 'n onbekende terrein. Diegene in die voedselproduksie, verpakking, pakhuise en verspreiding het nou 'n groot verantwoordelikheid om te verseker dat verbruikers toegang tot noodsaaklikhede het. Dit is 'n voorreg - en nie 'n reg nie; ons moet hierdie verantwoordelikheid ernstig opneem en toesien dat diegene wat nog mag werk, dit in 'n veilige en gesonde omgewing doen. Wees innoverend om te verseker dat werkers nie aan die risiko van besmetting blootgestel word nie, belê waar u moet om werkers vry van die virus te hou; voorregte kan weggeneem word. Terwyl die regering met die nuwe regulasies en vereistes worstel, sal daar baie onsekerhede ontstaan.

Gevolge waaraan daar nie eers gedink is nie, sal daar wees. Dit sal te veel wees om te verwag dat die regering aan alle moontlike omstandighede en detail moes dink. Ons moet help deur kommunikasie oop te hou; stel die vrae, help met leiding en laat ons hierdie virus hokslaan. Die CGA ondersteun die President, die Kabinet en almal wat hierdie moeilike besluite neem, ten volle. Ons sal ons bes doen om aan die verwagtinge van die regering te voldoen, deur beide die arbeidsmag veilig te hou en sitrus te lewer wat noodsaaklik is vir die bekamping van griep en verkoue en die bevordering van immuunstelsels. Die lande in die Noordelike Halfrond is afhanklik van ons in die Suidelike Halfrond om op hierdie tydstip sitrus te lewer - ons het nie net 'n binnelandse verantwoordelikheid nie , maar ook 'n wêreldwye verantwoordelikheid. CGA probeer om tred te hou met gebeure soos dit ontvou deur gereelde memo's uit te stuur - vier tot op datum. Besoek gerus www.cga.co.za. BLY VEILIG, BLY TUIS WAAR MOONTLIK, LAAT ONS SAAM HIERDIE VIRUS WEN.

**CGA GROEP MAATSKAPPYE (CRI, RIVIER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS**